Hoofstuk 91

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Deur te sweer daarby vestig Allah die mens se aandag op dit wat Hy geskep het met die doel om die mens te kry om oor die waarde en doel daarvan na te dink

1. Ek sweer by die son en die helder lig wat dit gee veral tydens die voormiddag wanneer dit nou net lekker begin warm word en die mens weens die koue van die afgelope nag, dit as naby waarneem en dit die meeste geniet,

2. en by die maan wanneer dit die son navolg in die afgee van n helder lig veral gedurende die tydperk van volmaan, en wat, alhoewel dit nie hitte afgee nie, tog vir die mens en dier van waarde is,

3. en by die dag wanneer dit die helderheid van die son vertoon,

4. en by die nag wanneer dit die son heeltemal insluit en omhul so asof dit die son wegsteek,

5. en by die hemelruim en die Een, die Ontwerper en die Argitek, wat dit gebou het,

6. en by die aarde en die Een wat dit uitsprei,

7. en by die siel, en die Een wat die siel in die regte verhouding, gebalanseerd, perfek en goed gemaak het, (K90:10)

8. en dit toe geïnspireer het met instink om te kan onderskei tussen goed en kwaad, reg en verkeerd, boosheid en vroomheid, en 'n vrye keuse tussen die twee opsies:

9. sukses, wat regtig bereik word deur die mens wat sy innerlike en uiterlike self reinig,

10. en mislukking wat regtig ervaar word deur diegene wat hul siele besoedel, wat toelaat dat hul siele wegsink en begrawe raak in die moeras van sonde,

11. soos die volk van Thamoed wat die waarheid ontken het weens hulle oortreding,

12. toe die ellendigste van hulle almal in opstand gekom het.

13. Dit was toe dat die Boodskapper van Allah, Salih, vir hulle gesê het: “Julle moet versigtig wees met Allah se vroulike kameel en haar reg om te drink.”

14. Maar hulle het hom verwerp, en haar doodgemaak, waarna hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer herhaaldelike,verdelgende kastyding en teistering oor hulle gebring het totdat hulle algeheel vernietig was, almal van hulle, jonk, oud, man, vrou... die hele volk.

15. En Allah het nie vrees vir die gevolge hiervan, soos wat aardse heersers die verlies van hul volke of weerwraak sou vrees nie.